DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**3 April 2022**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

**EREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** Lukas 9: 51 - 55, Markus 10: 46 - 52, Lukas 18: 35 - 43

**Tema** Jesus Christus, die Seun van Dawid, ontferm Hom oor ons

**Sang**
Psalm 149: 1, 2
Skrifberyming 12-3: 1, 2
Psalm 38: 8, 17
Skrifberyming 5-4: 1, 2, 3
Skrifberyming 5-4: 5, 6

"Jesus, Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!" Jesus gaan staan en Hy draai om. Daar sak 'n stilte oor die skare toe. "Roep hom nader", sê Hy vir die mense. Daar gaan 'n gangetjie oop tot by die armsalige, blinde bedelaar. Uiteindelik kry hy nou die kans om vir Jesus, die Seun van Dawid te ontmoet. Hy is die langverwagte Messias, die Seun van Dawid waaroor daar in die Skrifte vertel word. Kyk maar na die dinge wat Hy doen. Jesaja het geprofeteer: "Daardie dag sal die dowes kan hoor wat daar in die boek staan en sal die blindes weer kan sien uit die donker, uit die duisternis uit." (Jes 29:18) en "Blindes sal kan sien, dowes sal kan hoor, lammes sal kan rondspring soos takbokke, stommes sal kan sing." (Jes 35:5,6). In Esegiël 34 lees ons: "Ek gaan vir hulle net een herder aanstel, en hy sal vir hulle sorg: My dienaar Dawid. Hy sal vir hulle sorg, hy sal vir hulle 'n herder wees. Ek, die Here, sal hulle God wees, en My dienaar Dawid sal oor hulle regeer. Ek, die Here, het dit gesê." As 'n mens die Here se Woord glo, dan móét hierdie mos die Seun van Dawid wees, want Hy doen presies wat die profete gesê het.

Daarom is die bedelaar se enigste versugting dat hy net kan sien. “Jy kan maar gaan, jou geloof het jou gered”, hoor hy Jesus sê en skielik sien hy. Hy is nie meer blind nie! Markus vertel vir ons dat die man agter Jesus aangeloop het – hy het vir Jesus gevolg!

Hier is drie sake wat hierdie wonder aan ons openbaar: Geloof is om onwrikbaar die verwagting te hê dat Jesus ‘n situasie waaroor jy nie beheer het nie, kan verander. Bartimeus, die blinde bedelaar, het geweet dat hierdie sy enigste kans is om te kan sien, want niemand kon enigiets vir hom doen nie – Jesus is sy enigste hoop. En hy het dit hy geglo en vasgehou. Om geestelik blind te wees, is moeiliker as om fisies blind te wees. Die Jode verwerp Jesus, die Messias.

Tweedens kan geloof enige hindernis oorkom. Dit lyk na ‘n totaal onbegonne taak vir Bartimeus om by die Messias uit te kom. In die gedrang en gedruis sal die Here hom nie sien of hoor nie. Selfs toe die mense hom probeer stilmaak, het dit hom nie afgesit nie en het dit hom net aangespoor om nog harder te roep. En Jesus het gehoor! Hoe maklik verloor ons moed. By die eerste teken van weerstand teen die Evangelie hou ons op om mense aan te spreek. Verkondig die waarheid, tydig en ontydig. Jy het ook nie die genade van God verdien nie.

Derdens lees ons dat geloof die navolging van Jesus beteken. Geloof beteken absoluut niks as jy nie ook ‘n volgeling van Jesus word nie.

Om Hom te volg, beteken nie ‘n passiewe sit en oor Hom dink en dalk ‘n bietjie Bybel lees en bid nie, dit is ‘n aktiewe skouer-aan-die-wiel saamloop op Jesus se pad. Dit beteken dat jy deur die Heilige Gees geloof as eerste gawe ontvang het en dat jy ‘n medewerker in God se koninkryk word en aktief iets doen om hierdie koninkryk uit te bou. Natúúrlik is ons almal nie evangeliste nie, maar daar is baie terreine waar jy jou talente wat God jou gegee het kan uitleef tot eer van Hom. As jy kan pannekoek bak, gaan bak tot Sy eer; as jy burgers en skyfies kan maak, doen dit tot Sy eer. As jy die gawe gekry het om te kan praat of skryf, dan mag daar niks in jou pad staan om die Woord van God uit te dra nie.

As jy waarlik glo, dan moet jy vandág hoor: volg Jesus met alles wat jy tot jou beskikking het, Hy het Hom oor jou ontferm.

## OOG VIR MEKAAR



- Ons is dankbaar dat Ben Bronkhorst deur sy operasie is. Ons bid hom en Sarie die seën van die Here toe met sy herstel.
- Ons is dankbaar saam met Shawn en Annemarie dat Lian beter is. Ons bede is dat julle gesin spoedig saam tuis sal wees.
- Theuns Botha is in Mediclinic opgeneem met ‘n bloedklont in sy been. Ons bid dat die chemobehandeling Maandag voorspoedig sal verloop.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 3 APRIL

**Diensbeurt: SW B**

**Ouderling: Marius Krüger**

**Katkisasie:** Geen

**Diaken: Louis v Wyk**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# TEESKINKBEURTE



**3 April 2022**
**Suniska Pettit**
**Susan Pettit**
**Alta Pretorius**
**Elmarie Swanepoel**
**Amri v Aarde**

**10 April 2022**
**Anerique vd Walt**
**Erika vd Walt**
**Annetjie Venter**
**Corina Venter**
**Tialeen Venter**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# BYBELSTUDIE

Neem asseblief kennis dat ***Bybelstudie*** weer op 12 April 2022 ***sal hervat***.
Hou die Basuin dop vir datums.





# KALENDER



| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 4 Apr | Johmar Wolmerans | 17 | D | 083 339 5398 |
| Wo 6 Apr | Nelie Badenhorst<br>Rioni Combrink | 66<br>40 | B<br>B | 074 663 5377<br>082 804 7041 |
| Sa 9 Apr | Heila Lessing<br>Barbara Nagel<br>Willem v Wyk<br>Alwyn Carstens | 65<br>59<br>5<br>2 | B<br>B<br>D<br>D | 083 626 0185<br>083 260 9581<br>083 627 2726<br>072 537 4154 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 4 Apr 2015 | Niekie & Candace vd walt | 7 | 082 974 3059<br>082 382 3471 |
| Di 5 Apr 2003 | MJ & Nelmerie Venter | 19 | 082 752 1637<br>082 444 0336 |
| Wo 6 Apr 1974 | Gerhard & Martie Maritz | 48 | 083 461 6974 |
| Wo 6 Apr 1993 | Theuns & Annatjie Botha | 29 | 072 266 1243<br>082 904 7694 |
| Do 7 Apr 2017 | Shawn & Annemarie Koekemoer | 5 | 082 361 2427<br>083 263 5171 |

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep."**

**Handelinge 2: 39**

# KERKRAAD

Per approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as diaken:

**Diakens:**
Thinus vd Walt
Corne v Greunen

Voorstelle van die gemeente kan ook gemaak word , deur broers en susters te benoem om as ouderling of diaken dienswerk binne die gemeente te doen.

# GK Pietersburg Susters Padkafee




Die tyd het weer aangebreek vir ons Padkafee.

Ons kerkgebou word weer omskep in 'n Padkafee van ouds, en vanaf **18:00 op Vrydag, 22 April 2022,** staan ons vriendelike kelners en bekwane kombuispersoneel gereed om u bestellings te neem en voor te berei.

**Op die spyskaart is:**

*Hamburgers & Skyfies @ R40*

*Melkskommels @ R20*

**Op die kennisgewingbord is 'n lys aangebring waarop julle asseblief u naam moet invul indien julle saam gaan kom kuier en eet.**

Die afgelope paar jaar het ons oorweldigende reaksie uit die gemeente ontvang in verband met donasies vir die Padkafee! Baie dankie vir julle hulp en ondersteuning, daarsonder sou hierdie funksie nooit 'n sukses gewees het nie. Ons het asseblief weer julle hulp nodig.

**Die volgende is bestanddele wat ons nodig het vir ons Padkafee:**

30l Langlewe Volroom Melk
10 x 5l Roomys
± 2 Kassies Tamaties
± 7 Koppe Blaarslaai
20 Dosyn Hamburgerbuns
Enige kontantdonasies is ook welkom.

**Dui asseblief op die kennisgewingbord aan waar julle graag wil help.**

**Ons hoop om saam met elkeen van julle te kuier by ons Padkafee op 22 April 2022, vanaf 18:00**

**Preke, dagstukkies en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** Faksnommer | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Baie mense het met hom geraas en gesê hy moet stilbly. Maar hy het al hoe harder uitgeroep: "Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!"*

*Markus 10: 48*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS